

1 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13

Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7

God kyk na ons met 'n ander, dog besonderse oog

Iets wat baie duidelik is uit die wyse waarop God mense roep, is dat dit grootliks verskil van hoe mense dit doen. Vir mense is uiterlike voorkoms, menslike prestasies, deeglike en bewese vermoëns baie belangrik. Daarby sit ons met die spreekwoord wat ook invloed op ons keuses uitoefen, naamlik: *eerste indrukke is blywend*. Iets wat vergeet word, is dat iemand nie bloot op sy baadjie getakseer moet word nie. As dit van mense afgehang het, was nie een van die 12 dissipels van Jesus gekies nie. Tog is dit duidelik: Jesus se keuses was in die kol – selfs met iemand soos Judas en die rol wat Hy moes speel om ons iets daaruit te leer.

So kry Samuel die opdrag om nie na die uiterlike te kyk nie as hy die tweede koning van Israel moet gaan salf. Die jongste seun van Isai se sewe, en daarby 'n skaapwagtertjie met 'n rooi gelaatskleur en wel mooi oë, is dalk nie op die oog af die beste keuse nie, maar wel God se keuse. En is dit nie, ondanks hier en daar 'n groot fout, dat God se keuse inderdaad presies reg was nie. *Hierdie keuse word die mens van wie God self getuig dat hy 'n man na God se hart is*. Hy word inderdaad 'n koning wat sy Godgegewe talente tot voordeel van God se koninkryk en sy volk se heil gebruik.

Was Jesus nie maar ook die Man van Nasaret nie? Die Seun van 'n timmerman daar van die agterlike plekkie nie? Sou ons Hom werklik as die grootste Verlosser van die mensdom gekies of ingesien het? Verseker nie! Daarom worstel die Fariseërs en Sadduseërs en Skrifgeleerdes met Hom. Ook die Jode kyk Hom skepties aan. Tog was Hy die enigste mens ooit op aarde met 'n werklik opregte, suiwer, heilige en rein innerlike. Hy word vir elke mens die voorbeeld om te volg.

En dit moet ons onthou: God se oog is nie op die "baadjie" gerig nie, maar op wat innerlik in elke mens lê. Daar waar jou talente opgeberg is. Daar waar die bron van jou geloof en liefde ingebou is. Daar waar jy jouself, ongeag van hoe jy uiterlik lyk, moet gereed kry en hou om jou in diens van God toe te wy waar en wanneer Hy dit mag nodig ag.

Kom ons wees eerlik: nie een van ons hou daarvan om uiterlik beoordeel en afgemaak te word nie. Moet dit nie met ander doen nie, maar leer om die innerlike van elke mens te ontdek en daarvoor waardering voor God te hê.

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 6

Ds P Fanoy (Ontdekkers)